

- Arbeidskoste vir die jaar:

	R
Direkte arbeid	142 476
Indirekte arbeid	122 730

Gevra

- 1 Bereken die volgende:
 - 1.1 Rou materiaal uitgereik (6)
 - 1.2 Fabrieksbokoste (10)
 - 2 Stel die volgende Algemene Grootboekrekeninge op:
 - 2.1 WERK-IN-PROSES / HANDELSVOORRAAD (12)
 - 2.2 KLAARPRODUKTEVOORRAAD (9)
- [37]
- TOTAAL: 100**

Middeljaareksamen

Punte: 300

Tyd: 3 uur

Instruksies

- Jy is voorsien met 'n vraestel en 'n antwoordboek.
- Die vraestel bestaan uit vier vrae. Beantwoord al die vrae.
- Gebruik die verskafte formate voorsien om jou antwoorde in te reflekteer.
- Bewerkings moet getoon word om gedeeltelike punte te verdien.
- Jy moet probeer om te bly by die voorgestelde tydallokasie wat vir elke vraag aangedui is.
- Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Vraag	Afdeling	Punte	Tyd
1	Krediteurerekonsiliasie, interne beheer	34	20
2	Bankreksiliasie en etiek	36	22
3	Vennootskapsberekeninge, Finansiële state en kommentaar	120	72
4	Ledegeld, intreegeld kommentaar en berekeninge, Staat van ontvangstes en betalings	55	33
5	Joernaalinskrywings vir bates wat vervreem word Verhoudingsontleding en vertolking	55	33
TOTAAL		300	180 min

Vraag 1

(22 minute)

Die volgende het betrekking op CSI Handelaars en krediteur Vries Stores.

Inligting

Tydens die vergelyking van die staat vanaf Vries Stores ontvang en die Krediteuregrootboek van CSI Handelaars, is die volgende foute opgespoor:

- Saldo soos per staat ontvang vanaf Vries Stores, R18 386.
- Die kredietsaldo in die Krediteuregrootboek, R12 120.
- Vries Stores het die saldo op die staat foutiewelik as R18 386 in plaas van R13 886 bereken.
- Handelsvoorraad aangekoop op 1 Junie vir R3 450 was foutiewelik as R4 350 aangeteken.
- Tjek 201 was 'n paar dae laat betaal wat tot gevolg gehad het dat geen korting deur Vries Stores toegestaan was nie. Die korting bedrag van R1 250 was was wel in die Krediteuregrootboek aangeteken.
- Vries Stores het R156 rente op die onderneming se agterstallige rekening gehef.
- Kredietnota 133 vir R370 vanaf Vries Stores was as faktuur 133 aangeteken.
- Faktuur 189, was vir skryfbehoeftes van R600 aangekoop vanaf Max Stores. Dit was foutiewelik in die rekening van Vries Stores aangeteken.
- 'n 20% korting op die aankope vir R4 000 gemaak op 27 Junie 20.7 was goedgekeur. Dit was nie deur CSI Handelaars in berekening gebring nie.
- Faktuur Nr 134 van R2 000 was nie op die staat vanaf Vries Stores gereflekteer nie.
- CSI Handelaars het 'n betaling van R5 000 op 30 Maart gemaak maar dit is nog nie te boek gestel deur Vries Stores nie.
- Debietnota 144 van R400 was nog nie gereflekteer op die staat vanaf Vries Stores nie.

Gevra

- 1 Stel die Krediteurerekonsiliasiestaat op 31 Maart 20.9 op. (13)
 - 2 Voltooi Vries Stores se rekening in Krediteuregrootboek van CSI Handelaars. (15)
 - 3 Verskaf drie punte van goeie interne beheer met betrekking op krediteure. (6)
- [34]

Vraag 2

(22 minute)

Jy is voorsien met inligting wat verband hou met Vuyo Stores. Hulle benodig jou met met doe opstel van hulle Bankrekonsiliasie vir Mei 20.9.

Inligting

Die volgende inligting verskyn in die Bankstaat van Vuyo Stores op 30 April 20.9:

	R
Saldo per Bankstaat (Dt)	5 000
Saldo per BANK rekening in die Grootboek (Dt)	2 000
Uitstaande deposito gedateer 30 April 20.9	20 500
Uitstaande tjeks	
No. 1077 gedateer 30 November 20.8	1 200
No. 2854 gedateer 5 Augustus 20.9	8 000
No. 3086 gedateer 30 April 20.9	4 300

Met die vergelyking van die Bankstaat van Mei 20.9 met die KOJ en KBJ vir Mei 20.9, is die volgende verskille raakgesien:

- Item 1 'n Deposito van R25 000 verskyn in die Bankstaat op 1 Mei 20.9 maar nie in die Mei joernale nie.
- Item 2 'n Deposito van R11 300 verskyn in die KOJ op 31 Mei 20.9 maar nog nie op die Bankstaat nie.
- Item 3 Huurinkomste van R3 600 vanaf A Mxinwa verskyn op die Bankstaat, maar nog nie in die joernale nie.
- Item 4 Bankkoste van R450 verskyn op die Bankstaat maar nog in die joernale nie.
- Item 5 Die Bankstaat toon 'n gedishonoreerde tjek vir R520 aan. Hierdie tjek was oorspronklik in die KOJ op 25 April aangeteken. Die trekker was N Nono.
- Item 6 Tjek nr. 1077 is verouderd en moet gekanselleer word. Die tjek was oorspronklik uitgereik as 'n donasie aan die East Nursery School wat nou gesluit is.
- Item 7 Tjek nr. 3086 vir R4 300 gedateer 30 April 20.9 verskyn in die Bankstaat, maar nog in die Mei joernale.
- Item 8 Twee tjeks verskyn in die KBJ maar nog nie op die Bankstaat nie:
Tjek nr. 3215 vir R6 200 gedateer 29 Mei 20.9.
Tjek nr. 3217 vir R8 000 gedateer 31 Augustus 20.9.
- Item 9 Die Bankstaat reflekteer 'n gunstige saldo van R1 100 op 31 Mei 20.9

Gevra

- 1 Identifiseer die twee items wat gedurende Mei 20.9 in die KOJ moet verskyn. (4)
- 2 Identifiseer die twee items wat in die Mei 20.9 se KBJ aangeteken moet word. (4)
- 3 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op 31 Mei 20.9 op. (16)
- 4 Verduidelik hoe tjek nr. 3217 sal hanteer wanneer die finansiële state voorberei word (verwys item 8) (4)

- [36]

(72 minute)

Inligting

KAPITAALREKENING: Y YELE							Kt.
				20.8 Mrt. 1 Sep 30	Saldo Bank	a/b	100 000 50 000 150 000

20.8				20.8			
Des	1	Bank		Mrt. 1	Saldo	a/b	150 000
20.9							
Feb	28	Saldo	o/d				
				20.9			
				Mrt. 1	Saldo	a/b	100 000

Dt.	PRIVAATREKENING: Y YELE						Kt.
20.9 Feb 28	Onttrekkings: Y Yele Saldo	o/b	48 000 123 215	20.8 Mrt.	Saldo	a/b	75 340
				20.9 Feb 28	Rente op kapitaal		20 000
					Salarisse		48 000
					Verdeling		27 875
				171 215			171 215
				20.9 Mrt. 1	Saldo	a/b	123 215

20.9				20.8					
Feb	28	Onttrekkings: L Lela		Mrt.	1	Saldo	a/b	40 290	
		Saldo	o/b	20.9	28	Rente op kapitaal		?	
						Salarisse		?	
						Verdeling		48 000	
								?	
				20.9					
				Mrt.	1	Saldo	a/b	?	

**VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN YELELA TRADERS SOOS OP
28 FEBRUARIE 20.9**

Balansstaatafdeling	Debiet	Krediet
Kapitaal: Y Yele		?
Kapitaal: L Lela		?
Privaatrekening: Y Yele		?
Privaatrekening: L Lela		?
Onttrekkings: Y Yele	?	
Onttrekkings: L Lela	?	
Grond en geboue	380 000	
Voertuie	180 000	
Toerusting	72 000	
Opgelope waardevermindering: Voertuie		45 400
Opgelope waardevermindering: Toerusting		18 100
Verbandlening: WP Bank		80 000
Lening: WC Bank		100 000
Vaste deposito: GW Bank	30 000	
Handelsvoorraad	77 300	
Debiteurekontrole	35 850	
Krediteurekontrole		21 245
Bank	2 500	
Voorsiening vir oninbare skuld		1 650
Nominal rekeninge-afdeling		
Verkope		878 550
Koste van verkope	514 800	
Debiteure-afslag	22 550	
Skryfbehoeftes	7 510	
Herstelwerk	4 300	
Oninbare skuld	1 210	
Voorsiening vir oninbare skuld aansuiwering		225
Bateverkope		12 000
Pensioenfondsbydraes	6 400	
Telefoon	3 700	
Rente op verbandlening	13 500	
Versekering	4 610	
Huurinkomste		26 600
Rente op privaatrekening		940
Salarisse	86 400	
Bankkoste	4 710	
	1 550 340	1 550 340

Aansuiwerings

- 1** 'n Kredietfaktuur ontvang vanaf Zoom Suppliers is nog nie te boek gestel nie. Die volgende besonderhede verskyn op die faktuur:

	R
Handelsvoorraad	3 000
Minus 15% handelskorting	<u>450</u>
	2 550
Vraggeld op aankope	<u>250</u>
	<u>2 800</u>

Die goedere was ontvang en bygetel gedurende die fisiese handelsvoorraadopname.

- 2 'n Debiteur, M Mango, het ongeskikte goedere ter waarde van R5 000 op 27 Februarie 20.9 teruggestuur. Hierdie goedere was spesiaal gemerk teen 25% op kosprys. Geen inskrywings was vir hierdie transaksie gemaak nie.
- 3 'n Fisiese handelsvoorraadopname op 28 Februarie 20.9 toon die volgende handelsvoorraad voorhande:
Handelsvoorraad, R77 100 en Skryfbehoeftes, R1 040
- 4 J Faithful, 'n debiteur wie se skuld gedurende Oktober 20.8 afgeskryf is, betaal 'n bedrag van R500 op 26 Februarie 20.9. Hierdie bedrag was gekrediteer teen die
DEBITEUREKONTROLE.

- 5 Die voorsiening vir oninbare skuld het met R255 vermeerder. Op 27 Februarie 20.9 het die boekhouer die volgende inskrywing in die Algemene joernaal gemaak en oorgeboek:

	Debiet	Krediet
Voorsiening vir oninbare skuld	225	
Voorsiening vir oninbare skuldaansuiwering		225

- 6 Die besonderhede van 'n werknemer wat op 1 Februarie 20.9 in diens geneem was, is foutiewelik uit die Salarisse Joernaal vir Februarie gelaat. Die volgende besonderhede is van toepassing:

	R
Bruto salaris	2 400
LBS aftrekking	480
Pensioenfonds	200

Vir elke R1 wat die werknemer tot die pensioenfonds bydra, dra die werkgever R1,50 by. Geen betaling was hiervoor gemaak nie.

- 7 Herstelwerk aan die dak van die gebou van R5 000, is foutiewelik teen teen GROND EN GEBOUE gedebiteer.
- 8 Die verbandlening is jaarliks op 1 Desember betaalbaar in paaiemente van R20 000. Rente is betaalbaar teen 18% p.j. Die lening vanaf WC Bank was op 27 Februarie 20.9 verkry teen 'n rente van 15% kwartaalliks betaalbaar.
- 9 'n Gedeelte van die gebou is sedert 1 Augustus 20.8 vir R3 325 per maand uitverhuur.
- 10 Rente op vaste deposito beloop R 4 500 per jaar. Die belegging was op 31 Augustus 20.8 gemaak.
- 11 Versekering sluit 'n premie van R2 400 in wat betaal was vir die periode 1 Januarie 20.7 tot 30 Junie 20.9.
- 12 Waardevermindering is soos volg bereken:
- 12.1 Toerusting teen 20% p.j. op kosprys.
- 12.2 Voertuie teen 15% p.j. op die verminderde saldo. 'n Voertuig met 'n kosprys van R45 000 en opgelope waardevermindering op 1 Maart 20.5 van R34 000, was verkoop vir kontant vir R12 000 kontant op 31 Augustus 20.8 verkoop. Die boekhouer het die transaksie aangeteken deur die BANK te debiteer en die BATEVERKOPE met R12 000 te krediteer.

Gevra

- 1 Neem al die nodige inligting in berekening en beantwoord die volgende vrae: (Dui alle berekeninge aan want gedeeltelike punte sal toegeken word.)
 - 1.1 Die vennootskapsooreenkoms bepaal onder andere, dat vennote geregtig is op rente op kapitaal teen 'n vaste koers vir beide vennote. Bereken die koers van die rente op kapitaal. (9)
 - 1.2 Wat is die bedrag van die primêre verdeling waarop vennoot L Lela geregtig is op? (4)
 - 1.3 Die finale wins moet gelykop tussen die vennote verdeel word. Bereken die deel van die oorblywende netto wins wat vennoot L Lela sal ontvang. (2)
 - 1.4 Bereken die saldo op die privaatrekening van vennoot L Lela op 28 Februarie 20.9. (11)
 - 1.5 Wat is die netto wins soos bereken in die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.9? (8)
 - 2 Stel die Inkomstestaat van Yelala Handelaars vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.9 op. (65)
 - 3 Stel die notas tot die Balansstaat vir Handels en ander krediteure op. (18)
 - 4 Dink jy die onderneming het die korrekte besluit geneem met die verkry van 'n nuwe lening vanaf WC Bank? Motiveer jou antwoord. (3)
- [120]

Vraag 4

(33 minute)

Inligting

ALGEMENE GROOTBOEK VAN GOLD REEF DARTS KLUB

Dt.				INTREEGELD				Kt.			
20.9	Des	31	Opgelope fonds		1 050	20.9	Des	31	Bank		1 050
LEDEGELD											
20.9	Jan	1	Opgelope inkomste		260	20.9	Jan	1	Vooruitontvange inkomste		195
Des	31		Vooruitontvange inkomste		390	Des	31		Bank		7 025
			Bank		35				Ledegeld afgeskryf		130
			Inkomste en uitgawe		7 150				Verversings		30
									Opgelope Inkomste		455
					7 835						7 835

NOTA: Ledegeld is R65 per lid per jaar. Elke nuwe lid betaal intreegeld van R150 voor as 'n lid aanvaar word. Alle die nuwe lede sluit teen die begin van die jaar aan en geen lede het uit die klub bedank nie.

Gevra

Bestudeer die gegewe Grootboekrekeninge en beantwoord die volgende vrae:

- 1.1 Hoeveel nuwe lede het teen die begin van die 20.9 finansiële jaar aangesluit? (3)
- 1.2 Hoeveel het die klub gehad, uitgesluit die wat afgeskryf is? (3)
- 1.3 Wat sal die bedrag wees van Ledegeld in die Ontvangste en Betalingsstaat? (3)
- 1.4 Daar is 'n bedrag van R7 150 op die debietkant van die LEDEGELD rekening. Verduidelik waarom die kontrarekening van hierdie bedrag streng gesproke verkeerd is en verduidelik wat die korrekte besonderhede moet wees. (3)
- 1.5 Gee een moontlike verduideliking vir die inskrywing van R35 op die debietkant van die LEDEGELD rekening. (2)
- 1.6 Gee een moontlike verduideliking vir die inskrywing van R30 op die kredietkant van die LEDEGELD rekening. (2)
- 1.7 Hoeveel lede betaal hulle 20.8 ledegeld gedurende 20.9? (3)
- 1.8 Verduidelik waarom daar 'n "Opgelope Inkomste" inskrywing op beide kante van die LEDEGELD rekening is. (3)
- 1.9 Verduidelik waarom dit hoogs onwaarskynlik sal wees dat daar 'n opgelope inkomste inskrywing in die INTREEGELD Rekening sal wees. (2)

[20]

2 STAAT VAN ONTVANGSTES EN BETALINGS

Inligting

Saldo's op 1 Januarie 20.9:

	R
Kapitaal fonds	28 728
Vaste deposito	16 400
Bankrekening (Dt)	2 348
Spaarrekening	4 464
Vooruitontvange inkomste (Ledegeld)	360
Opgelope inkomste (Ledegeld)	240
Handelsvoorraad van verversings	80

Opsomming van transaksies en ander inligting vir 20.9

- 20 Nuwe lede het by die klub gedurende die jaar aangesluit. Alle lede betaal R150 per lid as intreegeld.
- Ledegeld ontvang gedurende die jaar beloop R25 800. Ingesluit in hierdie bedrag is R450 vir 2.10 en R180 vir 20.9.
- Die bedrag van ledegeld nog uitstaande vir 20.0 moet as oninbaar afgeskryf word.
- Ledegeld van R300 vir 20.9 is nog nie ontvang nie.
- Lone betaal, R14 320. Ingesluit in hierdie bedrag is die opsigter se lone vir elf van R10 560. Die bedrag vir Desember 20.9 was nog aan hom betaal aan die einde van die jaar nie.

- Sporttoerusting aangekoop per tjek, R2 184.
- Sporttoerusting aangekoop vir krediet, R5 736.
- Ou sporttoerusting verkoop vir kontant, R1 512.
- Kaartjies verkoop vir die jaarlikse dinee, R3 768.
- Totale kostes van die jaarlikse dinee betaal, R3 144.
- Donasies ontvang, R2 352. 'n Beloofde donasie van R400 is nog nie ontvang nie.
- Huur van R7 280 vir die perseel is vir dertien maande op 31 Januarie 20.10 betaal.
- Verversings aangekoop gedurende die jaar en in kontant betaal, R3 912.
- Verversings aangekoop op krediet gedurende die jaar, R1 632.
- Verversings aan die klub deur lede geskenk gedurende die jaar, R816.
- Verversings vir kontant aan lede verkoop gedurende die jaar, R8 928.
- Verversings op krediet gedurende die jaar verkoop, R713.
- Verversings voorhande teen die einde van die jaar volgens aan die voorraad, R228.
- Honorarium betaal aan sekretaris, R288.
- Honorarium goedgekeur vir die tesourier, maar nog nie betaal, R240.
- Betalings aan krediteure, R5 064.
- Skryfbehoeftes aangekoop gedurende die jaar en in kontant betaal, R570.
- Skryfbehoeftes voorhande op 31 Desember 20.9 volgens aan die voorraadopname, R50.
- Affiliasiefooie betaal vir 20.9 en 20.10, R90 per jaar.
- Rekening vir water en elektrisiteit betaal gedurende die jaar, R1 728.
- Bankkoste gedurende die jaar, R66.
- Op 31 Desember 20.9 is R130 rente ontvang op die spaarrekening.
- Op 1 Julie 20.9 is R4 000 onttrek vanuit die spaarrekening en op vaste deposito teen 14% rente per jaar belê.
- Die rente op vaste deposito teen 14% per jaar was vir die periode 1 Januarie 20.9 tot 30 Junie 20.9 ontvang. Die res van die rente vir die jaar is nog nie ontvang nie.

Gevra

Gebruik die inligting uit die boeke van Speed Sportklub en stel die Staat van Ontvangstes en Betalings vir die jaar geëindig 31 Desember 20.9 op.

(35)

[55]

Vraag 5

(33 minute)

- 5.1** Op 1 Maart 20.9 die gegewe inligting verskyn in die Bateregister van Makiet Handelaars. Die finansiële jaar eindig op die laaste dag van Februarie elke jaar.

Inligting

Voertuie (B4)	Aankope datum	Kosprys	Opgelope waardevermindering	Drawaarde
CAM 9876	20.6-03-01	R150 000	R73 200	R76 800
CAM 4567	20.7-03-01	R220 000	R79 200	?
Total: Alle voertuie		R370 000	?	?

Waardevermindering is bereken teen 20% per jaar op die verminderde saldo metode. Op 1 Junie 20.9 CAM 9876 was verkoop vir krediet aan Ndevu Motors vir R75 000. 'n Nuwe voertuig, CAM 3216, was vanaf Rudolf Motors op 31 Augustus 20.9 vir R550 000 aangekoop.

Gevra

Toon alle die joernaalinskrywings op 1 Junie 20.9 om die verkoopstransaksie aan te teken. Omskrywings kan weggelaat word. (30)

5.2 Verhoudingsontleding

Inligting

Die volgende finansiële aanwysers van AC Cook School word voorsien.

Nr.	Aanwysers	Huidige jaar se aanwysers	Vorige jaar se aanwysers
1	% Bruto wins op koste van verkope	40%	30 %
2	% Bedryfsuitgawes op verkope	29.41%	26%
3	% Bedryfswins op verkope	7.25%	6%
4	% Netto wins op verkope	5.08%	3%
5	% Opbrengs op ekwiteit	25,43%	17%
6	% Opbrengs verdien deur Adam	4.3%	12%
7	% Opbrengs verdien deur Callum	69.29%	30%
8	Solvensieverhouding	1.65 : 1	1.5 : 1
9	Skuld : Ekwiteitsverhouding	0.99 : 1	1,3 : 1
10	Bedryfsverhouding	2.64 : 1	3.1 : 1
11	Vuurproefverhouding	0.64 : 1	1.1 : 1
12	Debiteure-invorderingsperiode	66 dae	23 dae
13	Krediteurebetalingsperiode	97 dae	61 dae

Gevra

- 1 Kwoteer die toepaslike aanwysers en lewer kommentaar op die opbrengs:
 - 1.1 verdien deur die onderneming
 - 1.2 verdien deur elke vennoot
 - 1.3 Kan die vennote tevrede wees?

(6)

- 2 Lewer kommentaar op die likiditeitssituasie van die onderneming. Is dit bevredigend? Verduidelik en motiveer met toepaslike aanwysers. (5)
- 3 Noem die toepaslike aanwyser(s) en lewer kommentaar oor die solvensie situasie van die onderneming. Is dit bevredigend? (4)
- 4 Daar is baie areas waaroor die vennote bekommerd is oor. Noem 2 van hierdie areas en voorsien die vennote met strategieë en veranderinge om hierdie situasies op te los of te verbeter. (10)

[55]

TOTAL: 300

Finale eksamen

Punte: 300

Tyd: 3 ure

Instruksies

- Die vraestel bestaan uit vier vrae. Beantwoord alle vrae.
- Gebruik die verskafte formate voorsien om jou antwoorde in te reflekteer.
- Bewerkings moet getoon word om gedeeltelike punte te verdien.
- Jy moet probeer om te bly by die voorgestelde tydallokasie wat vir elke vraag aangedui is.
- Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

Vraag	Punte	Tyd
1: Bankrekonsiliasie en interne beheer	35	20 min
2: Debiteure-invorderingsskedule, Kontantbegroting en kommentaar	42	25 min
3: Vennootskap: Nota oor privaatrekening, Balansstaat en kommentaar	58	35 min
4: Vennootskap: Verhoudings en interpretasies	42	25 min
5: Klubs: Ledegeld en Verversingsrekening	36	22 min
6: Vervaardigings: berekeninge en Grootboekrekeninge	30	18 min
7: BTW, Vaste bates, Periodieke Voorraad, Etiek en Interne beheer	57	35 min
TOTAAL	300	180 min

Vraag 1

(20 minute)

Jy word voorsien met inligting van Trendy Handelaars. Hulle benodig jou hulp met die voorbereiding van hulle Bankrekonsiliasiestaat vir September 20.9. Hulle finansiële jaareinde is op 30 September 20.9. Trendy Handelaars het 'n privaatrekening by Mahle Bank. Die bank voorsien '1% rente p.j. op kredietsaldo's en 10.5% rente p.j. op oortrekking.